

Geagte leser. Let asb. op dat een van die orde reëlings van die Volksvergadering was dat deelnemers vry was om na ons Hemelse Vader en Sy Seun te verwys soos hulle verkies. In geval van hierdie referaat is na die HERE verwys by Name JaHWeH en na Jesus by Name JaHHoWShuAh. Die aanhalings is vanuit die 1933/53 Bybel in Afrikaans.

Is Apartheid sonde? - Flip Swanepoel

Is daar 'n ander geskrif binne die lewensruimte van die Geloftedolk waardeur sonde geëien kan word anders as die Bybel?

Die onlangse herbevestiging van die Hervormde kerk van SA, se besluit dat Apartheid nie teologies, en daarom Skriftuurlik verantwoordbaar is nie herinner aan 'n insident toe 'n NG predikant apartheid tot sonde verdoem het.

Gedurende 1990 het die sinode van die NG Kerk apartheid tot sonde verdoem, waarna professor Willie Jonker tydens 'n Interkerklike beraad te Rustenburg op 3 November 1990 die volgende belydenis saamgestel het, en professor Pieter Potgieter en ander afgevaardigdes van die NG Kerk hul daarmee vereenselwig het:

*"Ek bely voor u en voor God nie net my eie sonde en skuld nie, en my persoonlike verantwoordelikheid vir die politieke, sosiale, ekonomiese en strukturele onregte waaronder u en ons hele land nog ly nie, maar plaasvervangend waag ek om dit ook namens die NG Kerk te doen, waarvan ek 'n lidmaat is, **en vir die Afrikaners**. Ek het die vryheid om dit te doen, **want die NG Kerk het apartheid op sy afgelope sinode (Oktober 1990) tot sonde verklaar** en sy eie skuld van nalatigheid beken dat hy nie lank gelede daarteen gewaarsku en homself daarvan gedistansieer het nie."*

Professor Jonker betrek die hele blanke volk by sy belydenis. 'n Groot deel van die blanke volk het op daardie stadium nog apartheid ondersteun. 'n Groot deel van hierdie volk ondersteun vandag nog apartheid.

Wat egter meer bekommer is dat die kerk en sy ampsdraers apartheid tot sonde verdoem het en verklaar het dat dit nie Bybels verantwoordbaar is nie.

Die Almagtige God, die Skepper van hemel en aarde het alles apart geskape en skeiding en grense vir alles en almal daar gestel.

Dit is wet.

Verder is apartheid 'n sisteem wat verbastering en vermenging uitskakel.

Sodra apartheid verdwyn tree verbastering en vermenging in, soos wat tans die geval is – gruwels!

Geen verbastering word deur Hom geduld nie, en daar is nie noodwendig sekere Bybelgedeeltes om dit te staaf nie, maar die hele Bybel staaf dit.

Vader is nie besig met dualisme nie. Sy wette is gestaaf in die wyse waarop Hy Israel regeer het en niemand mag daaraan verander nie.

Openbaring 22 verse 13 tot 19

13 Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde, die eerste en die laaste.

14 Salig is die wat **sy gebooie doen**, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.

15 Maar buite is die honde en die towenaars en die hoereerders en die moordenaars en die afgodedienswaarders en elkeen wat leuens liefhet en doen.

16 Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester.

17 En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet.

18 Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is.

19 En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Dit gaan vir JaHWeH daaroor dat mens niks mag byvoeg en niks mag wegneem uit dit wat Hy in hierdie Boek laat opteken het nie.

'n Soortgelyke gedeelte is opgeteken in Deuteronomium 4:1-6

1 Luister dan nou, Israel, na die insettinge en die verordeninge wat ek julle leer om te doen, sodat julle mag lewe en inkom en die land wat die HERE, die God van julle vaders, aan julle sal gee, in besit mag neem.

2 Julle mag by die woord wat ek julle beveel, niks byvoeg nie, en julle mag daar niks van weglaat nie; sodat julle die gebooie van die HERE julle God mag onderhou, wat ek julle beveel.

3 Julle oë het gesien wat die HERE weens Baäl-Peor gedoen het; want al die manne wat agter Baäl-Peor aan geloop het, dié het die HERE jou God onder jou uit verdelg.

4 Julle daarenteen wat die HERE julle God aangehang het, is vandag nog almal in die lewe.

5 Kyk, ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die HERE my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem.

6 Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk.

Hierdie opdrag word herhaal in Deuteronomium 12 vers 32

32 Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.

JaHHoWShuAh bevestig dit in Mattheus 5:17-20

17 Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.

18 Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.

19 Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele.

20 Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.

Hieruit is dit baie duidelik dat niemand die reg het om aan die inhoud van die Bybel te torring nie.

Nie 'n Jota of titteltjie van die wet mag verander word nie. Indien wel sal daardie persoon, of sy plek in die Nuwe Stad verloor, of hy sal die plaes waarvan in die Bybel geskrywe staan oor homself of sy volk bring.

Ons het reeds gelees dat die volk wat hierdie gebooie onderhou as 'n wyse en verstandige volk verklaar sal word.

Deut.4: 6 Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk.

In Deuteronomium 28 word die **seëninge en die vervloeking** uiteengesit wat die volk sal ontvang weens die onderhouding van die wet, al dan nie.

Met die lees daarvan kom mens tot die **gevolgtrekking** dat ons as Volk tans onder die **vloek verkeer**.

Sedert 1994 vind daar meer as een plaasaanval per dag plaas. Meer as 1600 Boere is al sedertdien op plase vermoor. Daar is etlike honderde duisende blankes wat huidiglik in plakkerskampe woon onder haaglike omstandighede. Ongeveer 2 miljoen volksgenote het al uit die lang geemigreer.

Ons Volk is besig om teen 'n geweldige tempo uitgewis te word en sal binne enkele jare tot niet wees.

Ons kan nie so aangaan nie. 'n Brief [aangeheg onderaan hierdie skrywe] het die afgelope maand op die internet verskyn wat 'n moeder vanuit 'n blanke plakkerkamp geskrywe het en waarin die haaglike omstandighede waarin hul verkeer in die vorm van 'n klaaglied aan die HERE opgedra is.

Hierdie brief en die onophoudelike gruwelike moorde op blankes bring mens tot die besef dat iets drasties verkeerd is binne ons samelewing en dat ons as volk 'n ernstige oortreding begaan het.

In terme van die voorgelese gedeeltes m.b.t. die verbod om aan die Skrifte te verander, het iemand iets gedoen wat ons as Volk in 'n strafgerig gedompel het wat gekenmerk word deur moorde en emigrasie en blanke plakkerskampe.

Deut. 28 se vloeke weens ons swak onderhouding van die wet en die straf weens ons swak onderhouding van die geloftes kom al baie jare en is in werklikheid vir ons aangebore. Ons as boere ken dit maar al te goed met droogtes en oorstromings en onophoudelike pes onder die vee, nimmereindigende plantsiektes en ononderdrukbare onkruid. Boonop het ons die stert van die nasies geword, en heers vreemdes oor ons – hulle wie se taal ons nie verstaan nie – Deut.28:49 ev.

Jes 42:22 En tog is dit 'n beroofde en geplunderde volk; hulle is almal gebonde in kerkers, verborge in gevangnisse; hulle het 'n buit geword sonder dat iemand red, 'n plundering sonder dat iemand sê: Gee terug!

Jes 42:23 Wie onder julle luister na hierdie dinge? Wie merk op, hoor dit ook vir die toekoms?

Jes 42:24 Wie het Jakob oorgegee as 'n plundering en Israel aan die berowers? Is dit nie die HERE teen wie ons gesondig het nie? En hulle wou in sy weë nie wandel nie en het na sy wet nie geluister nie.

Jes 42:25 Daarom het Hy oor hulle uitgestort die gloed van sy toorn en die geweld van die oorlog; en dit het hulle rondom aan die brand gestee, maar hulle het dit nie bemerk nie; en dit het hulle gebrand, maar hulle het dit nie ter harte geneem nie.

Ja voorwaar! ons weet nie dat ons onder die vloek verkeer nie, ons ken nie die Woord nie, soos Hy dit in Sy Skrifte opgeteken het nie. Ons predikante steur hulle mos nie meer aan die wet nie, hoeveel te meer aan die vloek wat sal intree weens ongehoorsaamheid daaraan.

Jes 1:5 Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank.

Jes 1:6 Van die voetsool af tot die hoof toe is daar geen heel plek aan nie, maar wonde en kwesplekke en vars houe! Hulle is nie uitgedruk of verbind of met olie versag nie.

Jes 1:7 Julle land is 'n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is 'n wildernis soos by 'n omkering deur vreemdes.

Die merkbare verandering wat sedert 1994 in werking getree het m.b.t. die wreedaardige moorde wat deur nie-blankes op blankes gepleeg word, moet dus die gevolg van 'n nuwe sonde wees wat deur die volk gepleeg word.

Die enigste drastiese geloofsverandering was die verdoeming van Bybelse apartheid tot sonde, wat opgevolg is deur die demokratisering van SA.

Hierdie kerk, asook die kerke wat soortgelyke belydenisse bely, het in weerwil van die voorgese gedeeltes apartheid as Bybelse wet gekraap, dit tot sonde verdoem en daardeur die sonde van verbastering tot wet verklaar.

Hulle het dus weg geneem uit die Boeke van die Bybel en iets anders bygevoeg.

Daarmee het hulle hul name uitgedelg uit die Boek van die Lewe en die plaes waarvan in die Bybel melding gemaak word oor hierdie volk gebring.

Nou weet u en ek wat sedert 1990 hierdie volk in die haaglike toestand geplaas het.

Maar wat staan ons te doen?

Moet ons dit net gelate aanvaar en as Volk tot niet gaan?

Nee mede broeders en susters. Ons gaan opstaan en die oorsaak van ons agteruitgang teenstaan deur die onreg wat die kerke ons aandoen het te bely voor ons Hemelse Vader.

As ons niks hieraan gaan doen nie, gaan die bloed van die mense wat vermoor word op ons hande wees.

Volgens Esegïel 33 moet die wag sy volk waarsku as hy 'n vyand bemerk. As hy dit nie doen nie is die bloed op sy hande.

Ons het nie meer 'n wag wat ons as volk oor ons aangestel het nie, maar elkeen van ons is 'n burger van hierdie volk, en as burger het ons 'n plig om enige ongeregtigheid aan die kaak te stel.

Daarom dat hierdie afgryslieke daad van die NG Kerk aan u bekend gemaak word.

As Skrifgeleerdes behoort hulle van beter te weet. Mens verander nie aan die Bybel se wette nie.

As burger verklaar ek as volg:

- Ek tree hiermee in die bres vir die eer van my Hemelse Vader en vir Sy onveranderlike Woord, en verklaar dat ek my distansieer van die NG Kerk en sy ampsdraers se uitsprake betreffende apartheid soos uiteengesit in hul 1990 Sinode en die daaropvolgende Rustenburg beraad.
- Ek tree hiermee in die bres vir die mense in die plakkerskampe wat weens die onverskilligheid van kerklike leiers in groot ellende verval het.
- Ek tree hiermee in die bres vir my Volksgenote wat nog steeds gebuk gaan onder die wreedaardige moorde.

- En ek tree in die bres vir my Volksgenote wat weens die haaglike toestand waarin die land verkeer, hul vaderland verlaat het en elders 'n heenkome gaan soek het.
- Ek distansieer my van hulle wat die Bybel na willekeur verander en die wette wat JaHWeH gemaak het, minag.
- Ek verklaar hiermee dat die kerke d.m.v. hul apartheids verklarings, in werklikheid rebelleer teen die Outeur van die Bybel nl. ons hemelse Vader. Daarvolgens verkeer ons tans onder Sy grimmigheid. Ons verkeer onder 'n strafgerig.

Ek doen 'n beroep op my volksgenote wat ook in die bres wil tree vir hierdie Volk om hul ook te distansieer van die kerke en hul ampsdraers wat in alle waarskynlikheid 'n vloek op hierdie Volk geplaas het deur apartheid tot sonde te verdoem. Bely dit voor u Vader in u binnekamer en verkondig dit aan u volksgenote tydig en ontydig.

Soos wat professor Willie Jonker en die NG Kerk hulle van apartheid en die Bybelse verantwoordings daarvan gedistansieer het, distansieer ek my van hulle en hul verklarings.

Niemand het die reg om die Woord van die Almagtige God te verdraai nie. Weë hulle wat teen Hom in opstand kom.

Laat ons dan nou 'n wyse en verstandige volk word in die oë van die nasies deur die wette nougeset na te kom.

Vrede

Flip Swanepoel

BRIEF UIT 'N BLANKE PLAKKERSKAMP

“Ek stap vanoggend weg van die plek waar dit dié slag Sarie se beurt was om haar kindjie te begrawe, sommer hier in die kamp, op 10 Julie 2010. Sal iemand ooit weet of onthou klein Jana was ook vir 'n rukkies, 'n volle 16 maande, hier op aarde, of beteken dit as jy arm is en jy gaan sommer dood van koue, dat dit nie saak maak nie en dat die lewe maar net moet aangaan sonder jou, sonder om jou te mis of om 'n gat te los? In Sarie se hart het haar kind se dood 'n gat gelos - vir ewig. Die winter het ons gevang hierdie jaar.

Ag, Here, hoekom is ek hier? Hoekom is my lewe en my kinders en my hele

bestaan opgesom in 'n vuil, gemufde tent vol uitgooigoed en vrot goed? Ek leef en oorleef met ander mense se weggooigoed op hierdie godverlate vlaktes waar nie eers 'n boom of gras se wortels wil vat nie. Niks wil hier wees nie, niemand moet hier wees nie...

Die kamp en sy mense en die moedeloosheid is besig om my siel lagie vir lagie af te skil tot daar niks van my gaan oorbly nie. Dit maak my dood, maar op ander maniere as wat honger of siekwees jou dood maak. Dit maak die rede dood 'n die rede vir opstaan en die rede vir weer probeer. Dit maak dit net dood.

Daar was vandag niks om te eet nie. My maag het al so gekrimp dat ek net een keer 'n dag hoef te eet. Ja, om te dink daar was 'n tyd wat ek maer wou wees. Ek wonder of dit my maag of my hart is wat pyn, want sien, Here, ék kan nog honger gaan lê, maar ek kan nie my kinders so sien nie! Dis 'n pyn wat jou lyf nie kan vat nie! Ek het vanaand net water op die gel-stofie gekook tot Magrietjie en boetie, Jan, op die ou end aan die slaap geraak het. Hulle het bly wag en mamma vertrou en nie eers gevra of getwyfel nie. Ek kon nie sê hier's niks om te eet nie.

Die kerk se mense het oor die naweek die afvalkos gebring wat Checkers uitgooi, maar wat jy nog kan eet - en jy sal dit eet, selfs al stink dit soos iets wat die varke moet eet. Jy grawe die beste uit vir jou kinders en jy eet dit. Dit het gehou tot gister, maar vandag was daar niks.

Ek probeer, Here, regtig, ek probeer. Ek versamel "scrap metal" en ek pas die mense se karre op by die Spar en soms kry ek 'n "tip" of 'n brood, maar ek vra nie ander mense om agter my te kyk nie, regtig! Ek sál nie vra nie! Ek kán nie, Here, ek voel ek mág nie! Ek sal eerder iets by iemand vat en u my laat straf - al is armwees genoeg van 'n straf. Ek sal eerder nóg straf vat, maar ek kán nie 'n ander mens vir iets vra nie. Asseblief, Here, moet my nooit so arm maak, dat ek moet vra nie.

Ek vra net vir u, Here, want u weet. U móét weet, want u het dan alles

gemaak.

Of het ék hierdie omstandighede maak? Is dit my skuld dat ek hier is? Is dit iets wat ek gedoen het en nou verdien ek om arm te wees? Miskien nog ek, Here, maar nie my kinders nie! Hulle het mos nie gevra om hier te wees nie. Hulle het mos nie gekies nie... [eie beklemtoning]

Hoe maak u kinders en laat hulle doodgaan van koue ... doodgaan omdat hulle nie medisyne kan kry wat die siekte stop nie? Hoe laat u kinders vanaand honger gaan slaap omdat hulle ma net water het om te kook? Hoekom laat u toe dat wrede, ryk kinders hulle spot uitspoeg na dit wat ons huis noem? Hulle weet nie wat hulle doen nie! Hulle weet nie hoe hulle woorde, wrokke en wrakke van ons harte maak nie. Vergewe hulle, Here, want hoe móét hulle weet? En hoe kán jy, as jy alles het, jou in mense se nood indink of inleef of invoel?

Maak my kinders sterk, Here, want hulle maak my sterk. Ek wil ook opstaan as ek sien hoe hulle elke dag sonder kla of moeg raak of inkrimp op hulle voete bly en selfs trots bly. Ja, hulle lag nog, hulle hoop nog. Ek wil selfs sê hulle vertrou nog op my as ma wat maar sal sorg en sal voorsien soos wat u vir my gee om te kan voorsien.

Hulle leef met 'n verwagting. Hoe kan ek dan opgee? Ek kan mos nie. Nee, solank as wat u my genadig is en ek vandag oorleef, sal ek maar weer opstaan more en sal ek veg vir die more daarna vir my kinders. Ek sal more weer my kinders vertel daar kom iets goed hierna, al kan ons dit nog nie sien nie en al kan ons dit nie eers dink nie, want op 'n manier glo hulle dit. Al leef ons hier eenkant waar die lewe ons weggegooi het. Al reën dit weer en muf dit verder en al koop niemand meer my "scrap metal" of "tip" my vir die karre wat ek oppas nie. Ek kies lewe! Ek kies dit, want dis in my bloed en dit loop deur my are en deur die eeue. En dit loop deur ons geskiedenis en deur elke uithoek van hierdie land. Dit loop deur my en dit loop ook deur Oom Bertus wat die kos bring, Sarie wat treur, Liena wat te veel drink, Pieta wat 'n brandweerman wil word en selfs Magda wat wag om dood te gaan.

Lewe. En hoop. En geloof. Wees ons genadig, Heer, terwyl ons bewerig en bang die lewe kies.”